Rapporteerbaar: Ja / Nee
Sirkuleer onder Regters: Ja / Nee
Sirkuleer onder Landdroste: Ja / Nee
Sirkuleer onder Streeklanddroste: Ja / Nee

# IN DIE Hoë HOF VAN SUID-AFRIKA
# (Noord-Kaapse Hoë Hof, Kimberley)

Saak No: K/S 7/2011
Datum gelewer: /09/2011

In die saak tussen:

Die Staat

en

O D Mothomme 1ste Beskuldigde
B A Mohale 2de Beskuldigde

## UITSPRAAK

Olivier R:

1]. Die twee beskuldigdes, mnre Obakeng Donald Mothomme en Boitumelo Anthony Mohale, is skuldig

bevind op twee aanklagte. Aanklag 1 is dié van die moord op mnr Derrick Daniël Reid. Aanklag 2 is een van poging tot moord, op die klaer mnr Adam Pampier. Die betrokke misdade is gedurende die nag van 19 tot 20 November 2010 in Galeshewe gepleeg.

2]. Mnr Mothomme was tydens die pleging van die misdade 19 jaar oud. Hy het in Mei 2010 19 jaar oud geword en die misdade is, soos reeds gemeld, in November 2010 gepleeg. Mnr Mohale was tydens die pleging van die misdade 21 jaar oud en is tans 22 jaar oud.

3]. Nie een van hulle het 'n vorige veroordeling van moord nie. Dit beteken dat beide van hulle vir die moord blootstaan aan 'n voorgeskrewe vonnis van 15 jaar gevangenisstraf, ingevolge Wet 105 van 1997.

4]. Die Hof sal slegs van hierdie voorgeskrewe vonnis kan afwyk, wat betref die moord, indien daar bevind sou kon word dat daar wesenlike en dwingende omstandighede is wat so 'n afwyking sou regverdig. Dit sal egter nie ligtelik gebeur nie, en die bedoeling van die Wetgewer is

dat as ‘n reël die voorgeskrewe vonnis opgelê sal word.

5]. Sou daar bevind word dat daar geen wesenlike en dwingende omstandighede is wat ‘n afwyking regverdig nie, sal niks natuurlik in die Hof se pad staan om ‘n swaarder vonnis op te lê as die voorgeskrewe vonnis van 15 jaar gevangenisstraf nie.

6]. In die ondersoek na die bestaan van sulke wesenlike en dwingende omstandighede, en ook ten aansien van die oorweging van die vonnisse op die gemelde klagtes in die algemeen, kyk die Hof na die erns en omstandighede van die misdade, na die beskuldigdes se persoonlike omstandighede en na die belange van die gemeenskap. By die oorweging van hierdie faktore hou die Hof deurentyd die oogmerke van vonnis, naamlik afskrikking, rehabilitasie, voorkoming en vergelding voor oë.

7]. Ek handel eers met die omstandighede van die moord. Die oorledene was ten tye van sy dood ‘n 25-jarige student in sy finale jaar van ‘n kursus in ingenieurswese aan die Moremogolo Kollege hier in Kimberley. Hy was

ongetroud en het gelukkig geen afhanklikes gehad nie. Dit blyk uit die getuienis van sy moeder dat sy dood vir haar ‘n geweldige verlies was. Dit is duidelik uit haar emosionele toestand selfs nou nog wanneer sy oor hom praat. Hy sou egter finansieel ook vir haar bygestaan het, en ook vir sy ouma, en hierdie vooruitsig het hulle ook verloor. Hy het alreeds ‘n werksaanbod gehad ten tye van sy dood, en blykbaar ook ander moontlikhede van werk elders.

8]. Die oorledene is nie minder nie as 14 steekwonde toegedien. Vier van hulle was in die rug van die oorledene, drie in sy nek en sewe in sy buik. Dit beteken dat van die steekwonde duidelik ook van agter toegedien moes gewees het. ‘n Mens weet egter nie hoe die oorledene se liggaam op daardie stadium was nie. Hy mag gebukkend gewees het of selfs gelê het. Die oorledene het verder kneusings van sy brein opgedoen tydens die voorval. Die getuienis was dat hy tot so ‘n mate onder die invloed van drank was, dat hy homself nie sou kon verdedig het nie.

9]. Wat betref die poging tot moord, is die klaer mnr Pampier 25 jaar oud. Hy is ongetroud, maar het ‘n 4-jarige dogter.

10]. Die beskuldigdes het mnr Papier in die omgewing van 50 steek- en snywonde toegedien. In die proses is sy lugpyp oopgesny. Hy het ook stompgeweldbeserings opgedoen, waaronder ‘n ingedrewe skedefraktuur. Net hoe ernstig mnr Pampier se beserings was, blyk uit die feit dat hy vir ‘n periode van 3 weke bewusteloos was, en ‘n volle maand in die hospitaal deurgebring het.

11]. Mnr Pampier het ten tye van die voorval gewerk, en het ‘n inkomste van R500,00 per week verdien. Daarmee het hy bygedra tot die onderhoud van sy kind. Die gevolg van die aanval is dat hy glad nie meer swaar arbeid kan verrig nie, en tans werkloos is. Hy ontvang inteendeel ‘n ongeskiktheids-pensioen, waarmee hy nou maar tot sy kind se onderhoud moet bydra.

12]. Dit blyk dat ‘n woordewisseling tussen die beskuldigdes,

of dan meer spesifiek mnr Mohale, en die oorledene gelei het tot hierdie uiters ernstige aanvalle op die oorledene en op mnr Pampier. Dit blyk dat die oorledene teenoor die twee beskuldigdes opgemerk het dat hy weet of gesien het wat hulle gedoen het. Beskuldigde 2 is die een wat reageer het en met die oorledene in die woordewisseling betrokke geraak het, maar die oorledene se opmerking was klaarblyklik aan altwee van hulle gerig.

13]. Dit spreek vanself – en dit is ook so aan die hand gedoen deur me Mabaso namens die vervolging – dat ‘n beskaafde gemeenskap daarop geregtig is om beskerm te word teen aanvalle en geweldpleging soos hierdie. Dit is ook hierdie Hof se plig om, in die vonnisse wat vir sulke optrede opgelê word, ‘n boodskap uit te stuur aan voornemende oortreders dat dit nie geduld sal word nie.

14]. Mnr Mothomme was nog relatief jeugdig ten tye van die voorval. Ek is voorsien van ‘n proefbeampteverslag ten aansien van mnr Mothomme. Nêrens daarin word die opinie uitgespreek dat mnr Mothomme tydens die misdade nog onvolwasse was, of dat sy ouderdom ‘n rol

gespeel het in die misdade, nie. Dit is egter so dat hy nog in graad 10 op skool was. Hy sou, soos wat mnr Schreuder ook namens hom aan die hand gedoen het, daagliks in die geselskap en omgewing gewees het van ander, moontlik jonger, graad 10 skoliere.

15]. Mnr Mothomme is 'n algehele eerste oortreder. Hy is die tweede van 3 kinders, en kom oënskynlik uit 'n stabiele huishouding, waar sy vader werk en sy moeder 'n huisvrou is. Sy skoolloopbaan is in graad 10 onderbreek deur sy arrestasie op hierdie aanklagte. Hy is ongetroud en het geen afhanklikes nie.

16]. Mnr Mothomme het teenoor die proefbeampte, wat die Hof voorsien het van 'n verslag ten aansien van hom met die oog op vonnis, aangevoer dat hy berou het vir die misdade en daarvoor verantwoordelikheid aanvaar. Dit moet ook gesien word teen die agtergrond daarvan dat mnr Mothomme op die aanklagte skuldig gepleit het. Hy het egter aangevoer het dat hy in selfverdediging opgetree het toe die oorledene aangeval is en ontken dat hy die opset gehad het om enige van die oorledene of die

klaer te dood. Pleite van onskuldig is toe vir hom aangeteken. Mnr Schreuder het egter aangevoer dat dit wys dat mnr Mothomme op daardie stadium, en by gebreke aan regskennis, gevoel het, en erken het, dat hy skuldig was aan hierdie misdade. Dit mag op die oog af na 'n geldige submissie lyk. Hierteenoor moet egter opgeweeg word die feit dat dit uit die getuienis geblyk dat mnr Mothomme duidelik gepoog het om sy aandeel in die misdade te verbloem, deur sy bebloede skoene te was en hulle daarna vir iemand te gee om weg te neem. Hy het ook nie, soos wat mnr Mohale in sy pleitverduideliking gedoen het en vir sover hy dan op selfverdediging wou steun, erken dat hy die perke daarvan oorskry het en dat hy wel die opset om te dood gehad het nie.

17]. Daar is 'n verskil tussen ware berou oor wat 'n mens gedoen het, aan die een kant, en berou bloot omdat 'n mens nou in die moeilikheid is daaroor. Ek verwys in hierdie verband na **S v Matyityi** [2010] 2 All SA 424 (SCA) para [13]. Dat hy nou bereid is om, soos wat die

proefbeampte dit stel, verantwoordelikheid te aanvaar vir hierdie misdade, mag egter tog aanduidend wees van 'n laat ontstaan van opregte berou.

18]. Mnr Mothomme het ook teenoor die proefbeampte aangevoer dat hy ten tye van die voorval onder die invloed van drank was. Die inhoud van die verslag was gemenesaak tussen die partye. Ook dit sal ek dus in sy guns aanvaar, alhoewel daar natuurlik geen ander getuienis tot hierdie effek was nie. Tot watter mate hy sodanig onder die invloed was, en presies watter rol dit dus behoort te speel by die oorweging van sy vonnisse, is egter onseker.

19]. Beskuldigde 2, mnr Mohale, het wel vorige veroordelings. Hy is in 2006 skuldig bevind aan huisbraak met die opset om te steel en diefstal. In 2008 is hy skuldig bevind aan 'n dwelmoortreding, klaarblyklik die besit van dagga. Beide hierdie vorige veroordelings is onverwant aan dit waaraan hy nou skuldig bevind is. Hulle het ook geen geweld behels nie. Ek neem verder in ag dat mnr Mohale ten tye van daardie misdade nog maar jonk moes gewees

het. Die feit is egter dat hy duidelik nie ‘n eerste kennismaker met die gereg is nie.

20]. Wat betref die kwessie van berou, is dit so dat mnr Mohale skuldig gepleit het. Hy het ook in sy pleitverklaring gesê dat hy berou het. Hy het die voorval aan sy moeder rapporteer, wat dit weer aan die polisie rapporteer het. Dit blyk dat mnr Mohale te alle tye met die polisie saamgewerk het, en onder andere ‘n bekentenis afgelê het.

21]. Dit is so dat die feitelike inhoud van sy verklaring ingevolge art 112 (2) van die Strafproseswet nie deur die aanklaer aanvaar is nie. Dit is ook in sekere opsigte deur die getuienis wat ek aanvaar het, weerspreek. Daardie weersprekings het hoofsaaklik gehandel oor die vraag of die twee beskuldigdes alleen die aanvallers op die oorledene en mnr Pampier was, en of daar inderdaad ook nog ander persone by hulle was en saam met hulle deelgeneem het daaraan, oor die vraag of die oorledene en mnr Pampier met bottels gewapen was en oor die vraag of die oorledene vir mnr Mothomme met ‘n bottel

gekap het. Dit doen egter nie noodwendig afbreuk daaraan dat mnr Mohale, anders as mnr Mothomme, van meet af aan erken het dat hy by die aanvalle betrokke was, dat sy handelinge wederregtelik was en dat hy die opset gehad het om die oorledene en mnr Pampier te dood nie.

22]. Mnr Mohale het ook in sy pleitverklaring gesê dat hy ten tye van die voorval onder die invloed van drank was. Dit is nooit in getuienis weerspreek nie en ek sal dit dus in sy guns in ag neem.

23]. Wat betref die aanklag van moord, het ek na baie versigtige oorweging, en ten spyte van die ooglopende wrede en volgehoue aanval waaraan die oorledene onderwerp is, besluit dat daar tog wesenlike en dwingende omstandighede bestaan wat ‘n afwyking van die voorgeskrewe vonnis sou regverdig, en wat moontlik die voorgeskrewe vonnis tog tot ‘n mate buite verhouding met die misdaad sou maak. Na my oordeel is daardie omstandighede geleë in die invloed van drank, die

provokasie wat die voorafgaande woordewisseling daar moes gestel het, moontlik meer so in die geval van mnr Mohale die berou aan die kant van die beskuldigdes, en dan weer veral aan die kant van mnr Mohale, mnr Mothomme se relatiewe jeugdigheid ten tye van die pleging van die misdaad en veral die feit dat hy nog op skool was, die feit dat mnr Mothomme 'n algehele eerste oortreder is en, laastens, die feit dat beide die beskuldigdes nou alreeds 9 maande verhoorafwagtend in hegtenis verkeer.

24]. Geen ander vonnis as direkte gevangenisstraf sal ten aansien van enige van die twee beskuldigdes, of ten aansien van enige van die twee misdade, gepas wees nie, en dit is ook namens hulle toegegee nie.

25]. Die vraag is vervolgens of daar, by die oorweging van die termyne van sodanige gevangenisstraf, 'n onderskeid getref behoort te word tussen mnre Mothomme en Mohale. Daar is geen getuienis dat hulle nie gelyke aandele in die misdade gehad het nie. Die ouderdomme van die twee beskuldigdes is redelik naby aanmekaar en

daar bestaan, op die getuienis voor my, maar weinig rede om op hierdie basis tussen hulle te onderskei nie. Dit is so dat mnr Mohale die een is wat sekere vorige veroordelings het, maar aan die ander kant is hy weer die een wat reg van die begin af berou getoon het en wat direk betrokke was in die woordewisseling met die oorledene. Na my oordeel is daar geen basis vir die tref van 'n onderskeid tussen die twee beskuldigdes wanneer dit kom by die oorweging van die termyne van gevangenisstraf nie.

26]. Ek sal sover regtens moontlik genadig wees teenoor die twee beskuldigdes, maar ek mag steeds nie die belange van die gemeenskap in stewige vonnisse vir misdade soos hierdie uit die oog verloor nie.

27]. Ek is van voorneme om die kumulatiewe effek van die vonnisse op die twee aanklagte in die geval van beide die beskuldigdes aan te spreek deur te gelas dat hulle gedeeltelik saam uitgedien word. Inaggenome die termyne van gevangenisstraf wat ek van voorneme is om op te lê, sou dit geen doel hoegenaamd dien om enige

gedeelte daarvan op te skort nie.

28]. Geeneen van die twee beskuldigdes beskik oor enige permit om ‘n vuurwapen of ammunisie te besit nie, of oor enige vuurwapen of ammunisie nie. Daar is nie ten aansien van enige van hulle enige redes aan my voorgehou waarom hulle nie onbevoeg behoort te wees om vuurwapens of ammunisie te besit nie. Die outomatiese gevolg van hulle skuldigbevindings en vonnisse is dat hulle in elk geval geag word sodanig onbevoeg te wees, en ek is dus nie van voorneme om enige bevel tot die teendeel te maak nie.

**29]. Beide mnre Mothomme en Mohale word soos volg gevonnis:**

**29.1]Op die aanklag van moord, aanklag 1, word u gevonnis tot 14 jaar gevangenisstraf.**

**29.2]Op aanklag twee, dié poging tot moord, word u gevonnis tot 12 jaar gevangenisstraf.**

**29.3]Dit word gelas dat ses jaar van die vonnis van 12 jaar gevangenisstraf op die aanklag van poging tot**

**moord samelopend uitgedien sal word met die vonnis van 14 jaar gevangenisstraf op die aanklag van moord, wat beteken dat u beide gevonnis word tot 'n effektiewe gevangenisstraf termyn van 20 jaar.**

_____________________

C J OLIVIER
REGTER
NOORD-KAAPSE AFDELING

| | |
|---|---|
| Nms die Staat: | Adv J Mabaso |
| Namens: | Direkteur van Openbare Vervolgings, Kimberley |
| Nms Beskuldigde 1: | Adv J Schreuder |
| Nms Beskuldigde 2: | Mnr P Fourie |
| Namens: | Regshulpsentrum, Kimberley |